BEROEPENUUS– (geen nuwe nuus ontvang nie)

FOTO-PROJEK—U is al geruime tyd bewus van sr Muriel van der Dussen wat ons help deur foto's te neem. Die doel is dat ons mekaar moet ken en vir mekaar in die gemeente omgee. Daar is lidmate wat gesê het dat hulle vir haar foto's elektronies gaan aanstuur dan hoef sy hulle nie ook af te neem nie. Ons wil graag almal wat dit wil doen daartoe aanmoedig. Die adres waarheen u dan die foto's kan stuur is **muriel@muriel.co.za.** Ander wat nog afgeneem moet word meld asb. by sr Muriel aan…

TINKTINKIETAAL VAN TOTIUS– deur wyle prof. PW Buys (1)
(Uit HANDHAAF Maart 1977)

Telkens as hierdie volk van God afdwaal/, sal hy in Afrika se klip en kaal/ herinner word hoe groot Hy is deur die tinktinkietaal van Totius. (D. J. Opperman).

Tinktinkietaal van Totius?

Toe hierdie gedig van Opperman in 1956 in Blom en Baaierd verskyn het, het die liefhebbers van Totius hier en daar skeef opgekyk en enkeles het gebrom dat dit 'n belediging is. Merkwaardig genoeg, het Totius homself met 'n leeurik vergelyk.

In 'n vers getitel " Die leeurik sê hy: *Ja, sing maar sanger van die hoogte,/ hier is jou maat wat ook probeer, /wat ook wil styg by somb're lugte / wanneer die stormslag hom wil keer. / Ek sing ook bo 'n vlaktewêreld/ bo 'n matelose veldverdriet; /Ek sing met op en neer geworstel / my gou vergane stemmingslied.*

By Totius se sewentigste verjaardag noem ook Leipoldt in 'n gelukwensing hom (Totius) ''n leeurik: " ...toe dagbreek nog duister was, met dou op die gras langs die voetpaaie wat ons moes betree, het daar 'n leeurik opgestyg wat in die skemermôre gesing het. Dit was 'n treurlied soms, maar altyd 'n trooslied want daarin was geloof wat twyfel oorwin het en hoop wat vir teenspoed kon vergoed. Daardeur het getril die eenvoudige liriek van opreg gevoelde liefde vir skoonheid, vir die wesenlike waardes van bestaan en die grondverpligtings van menslikheid". Totius het, aldus Leipoldt, sy lied gesing "destyds toe daar nog baie was wat nie die voortekens van die helder dag kon gewaar en wat neergedruk gegaan het onder die skaduwee van teleurstelling en droefenis en bitterheid van gees en gedagte". Leeurik of tinktinkie – watter verskil maak dit per slot van rekening? Albei is klein, vaal veldvoëltjies met sagte stemmetjies wat nie ver gehoor kan word nie. Maar in die samehang van Opperman se vers is dit juis die mooie dat die tinktinkie-taal van Totius ondanks sy gebrek aan volume so 'n groot drakrag het dat dit die hele volk by dreigende afdwaling aan die grootheid van God sal herinner. *Word vervolg...*

Vandag – Ruben Keulder 0718633297	03/10– Issie Badenhorst 0832359448
Vandag– Anna van der Dussen 0828205298	03/10– Fred van Wyk 0829525630
02/10– Annelien de Ronde 0824814545	05/10– Teresa le Roux 0828181472
02/10– Steve Joubert 0827861342	05/10– Babs Pieterse 0832077779
03/10– Dirk Badenhorst (jr.) 0838984368	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur*

Baie geluk met u verjaarsdag

Die man van weinige woorde se solder is so klein dat daar nie plek is vir kaf nie – CJ Langenhoven

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

29 September 2013

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing: Rut 1
Teks: Rut 1:20-22
Sing: Ps. 91:1,2; Sb 43:5,6 (15-7:5,6); Ps. 77:1,3; Sb 18 : 5,6,7,8 (17-2:5,6,7,8)

WATTER DRAAIE MAAK U LEWE?

Hier is n verslag oor 'n alledaagse gesin. Die Here wat in so 'n gesin die grootste van sy planne kan uitvoer. Gewone mense wat in 'n besonder moeilike tyd vir ons wys wat God se genade en wat God se liefde is.

Die draaie wat hulle lewe gemaak het laat ons kyk na die:

1. Die draai van die Naomi-gesin
2. Die draai van Rut

KATKISASIE– Geen katkisasie vandag

TWEEDE EREDIENS– (10h30)
Skriflesing: Rut 2
Teks: Rut 2:2-4,12,20
Sing: Ps. 147:1,5; Ps. 119:44; Ps. 65:7,9

'N DIAKONALE "TOEVALLIGHEID"

Rut 2 is n Pinksterverhaal. Dit is alleen die Heilige Gees wat dinge so kan laat gebeur soos wat ons dit gelees het. Alles lyk na so 'n groot toevalligheid.

Toevallig dat sy na die regte land, na Boas se grond beweeg, toevallig dat sy daar is toe Boas daar aangekom het.

Die vraag is werklik hoe groot is die "toeval" by Rut wat diakonaal gehelp moet word?

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 22 en 23
Ouderlinge: Koos Venter
Diakens: Michiel Venter

Volgende Sondag (6/10) – Wyke 24 en 25
Ouderlinge: Johan de Jonge, Willie J/ van Rensburg
Diakens: Johan du Plooy, Marinus Lorist

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Ds. Andries Mulder het ons verneem dat die knie wat al so baie probleme gegee het, weer ontsteek het. Ons gebed is dat die Here 'n verskil sal maak en dat die terugslae met die been nou mag verander en hy mag genees. **Sr Marthie Steyn** het groot terugslag weer in haar gesondheid gehad. Ons is dankbaar dat sy weer uit die koma gekom het. Ons gebed is dat die Here hierdie beterskap sal bestendig. **Br. Kallie Tromp** is ons dankbaar om te meld dat dit met hom beter gaan. Mag die medikasie geseën wees om dan werklik ook vir hom tot n seën te wees, na hierdie weke van groot swaarkry en terugslae. Aan hom en sr Amanda word die krag van die Here toegebid. **Br Phil van der Merwe** wat weer deur 'n hele proses van kanker-behandeling moes gaan se gesondheid verkeer onder groot druk. Hy is weer tuis maar dit gaan swaar en hy is baie swak. Hy moet DV weer op 5 Des vir verdere behandeling gaan. Ons dink aan hom en sr Nakkie in hierdie sware tyd.

Sr Margaretha Coetzee word volle herstel toegebid na die knievervangingsoperasie. Sy het laat weet dat dit met haar in Middelburg onder omstandighede goed gaan. Ons bid haar volkome herstel toe, ook met die oog op n operasie vir die ander knie. **Oudl Jan Fanoy** is tuis na sy operasie. Dit gaan met hom goed en ons bid hom volle herstel toe. **Sr Amelia Boshoff** het 'n groot rugoperasie ondergaan. Sy is ook tuis. Mag die operasie geslaagd wees en sy volkome herstel. **Sr Magriet Venter** se ma het geval en baie seergekry. Ons dink ook aan haar en almal wat haar moet bystaan. **Sr Hester van Vuuren** wat swak is en baie dae groot ongemak moet verduur word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. Sy het ook hierdie week verjaar. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	Paul Kruger kinderhuis? DVB	Instand-houding Instand-houding
06/10/2013 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Zambië Instand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
01/10	Skole open
01/10	Voortgesette klassis
13/10	Diakonie-verg.
22/10	Finans en advies-verg
24/10	Kerkraadsverg
24/10	Huwelik-Br Lukas de Beer en sr Alicia Schalekamp

SUSTERS EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas.
Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n
R25-00 bydrae.
Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

ZAMBIë– VOERTUIG

Met groot dankbaarheid teenoor die Here het hierdie fondsinsameling van ons gemeente in die kerkverband die laaste 2paar weke weer mooi gegroei. Ons het in die 2 weke R13 000-00 bygekry. Ons is nou byna op R100 000-00
Die harte en hande in die gemeente wat ook hiermee kan help word versoek om dit oop te maak as dit vir u moontlik is. Die brief vir u en die kerkverband kan gelees word by die volgende skakel. http://bit.ly/105wmGY
As u gelde hiervoor kan gee, moet u dit in die kerk se bankrekening inbetaal. Merk net duidelik saam met u naam dat dit bestem is vir Zambië voertuig.

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 6

Waar Amos spot met die uiterlike, eiewillige godsdiens van mense in sy tyd, wys hy op leë handelinge wat God moet "paai", deur selfs meer te doen en gee as wat vereis word (Amos 4:4-13). Totius vergelyk dit met hierdie woorde van Jesus wat sê dat hierdie oorgodsdienstige mense trompette blaas oor hulle self-ingestelde offers.

Weldadigheid moet dus (1)nie so betoon word, dat iemand ander mense wil beïndruk met hoe goed hy is nie, en (2) hieruit spreek ook wel dat gawes nie so gegee mag word dat die ontvangers vernederd voel daardeur nie.

6:3, linkerhand, ens. – So min moet jou liefdadigheid selfs in jou geheue ingeprent word. Jy is nie besig om plusse van goeie werke op te bou nie. Dit mag nie gaan oor jou "eie ek" nie. Dit is dus `n uitbou van waarmee Jesus begin het, dat die gees van die Wet gehou moet word: Liefde tot God en die naaste. Die Gewer van die gawes wat ons uitdeel – God – sal weet daarvan, en dit is al wat belangrik is.

6:4,vergelde – *Wanneer* hierdie loon gegee sal word ? Nie noodwendig in hierdie lewe al nie, maar met die koms van die Koninkryk in sy volmaaktheid. Ons werk nie vir die verwerf van aardse skatte nie.

6:5, bid – Weer word die Fariseërs se manier van doen aangeraak. Uiterlike vertoon, ook met die gebede. Hulle doen dit waar die grootste getal toeskouers sal wees.

6:7, wanneer jy bid – Jesus gaan van die gebedshouding en plek nou oor na die *inhoud en innerlike* van gebed – die intimiteit daarvan.

ydele herhaling – `n Letterlike betekenis hiervan is: "Moenie baie babbel nie", of **betekenislose** herhaling. Die Jode was lief daarvoor om `n saak te herhaal deur gebruik te maak van sinonieme van wat reeds gebid is. Herhaal, net in ander woorde, vir effek.

Soos die heidene – Heidense dienste oraloor is so. Die Boeddhiste sal dag in en dag uit hulle een "gebed" herhaal, wat tot niks gerig is nie.

Dit geld vir enige bede wat ons bid, dat daar nie gedagtelose herhaling sal wees nie. *Totius betrek dit veral op die Naam van die HERE.* Aangesien veral openbare gebed so `n tere en moeilike saak is, gebeur dit dat mense onbewus die Naam byna soos punktuasie gebruik. `n Enkele sin word soms begin en geëndig daarmee. *`n Dr Kramer het gesê dat mens jou nie op die Psalms kan beroep om so `n herhaling in jou eie gebed te regverdig nie (bv Ps 86). In daardie Psalms was dit nie `n "onbewoë opsê" van die woorde nie. Dit was kort, kragtige smekinge in benoudheid.* Daarby moet ook onthou word dat die Psalms se woorde deur God die Heilige Gees geïnspireer is. *Die Naam moet met* ***volle bewustheid*** *geuiter word.*

Herhaling sal "nie die intimiteit of krag van ons gebed bevorder nie."

6:8, soos hulle word nie – Jesus bedoel eerstens die **aksie** van die heidene – ydele herhaling. Hy waarsku hiermee: maak soos hulle, dan word jy soos hulle.

Jul Vader weet – Lees hierby Ps 139 oor God se alwetendheid. Die Jode ken die Skrif, maar eie gewoonte en tradisie weeg swaarder.

6:9-13, die "Onse Vader" – Verklaarders wat die kleiner "familie" van tekste (ou manuskripte) van die Griekse Nuwe Testament aanhang, is geneig om eerder korter bewoordings van tekste te aanvaar. Dit is die Alexandrynse tekste. Prof Jakob van Bruggen en baie ander het al bewys dat die groter teks-familie die korrekte is. (Die Westerse tekste.) Hulle bewys ook dat dit baie ouer is as die ander familie. In die Westerse tekste word die hele gebed gegee, soos ons dit ken.

[Hoewel mense wel kan byvoeg met oorskryf van iets, weet ons dat hulle eerder in die proses dinge uitlaat.] *Word vervolg*

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

27 Sept. 1830– Hendrina Joubert gebore; 30 Sept. 1931– Voortrekker-beweging gestig; *2 Okt. 1857*- Pres MT Steyn gebore; *4 Okt. 1836*– Genl. Piet Cronje gebore; *4 Okt. 1871*– Sarel Cilliers oorlede; *4 Okt. 1919*– Ds. Petrus Postma oorlede; *4 Okt. 1922*– WITS universiteit geopen; *5 Okt. 1844*– Pres FW Reitz gebore; *6 Okt. 1887*– Jan Bantjes oorlede; *6 Okt. 1943*– Gustav Preller oorlede; *7 Okt. 1854*– Genl. CR de Wet gebore; *9 Okt. 1847*– ds. SJ du Toit gebore; *9 Okt. 1881*– Ds. Dirk van der Hoff oorlede; *10 Okt. 1825*– Paul Kruger gebore; *11 Okt. 1531*– Dood van Ulrich Zwingli; *11 okt. 1858*– Ds. Dirk Postma word in Pietermaritzburg gaan haal;
13 Okt. 1867– Erste diamant in SA gevind; *14 Okt. 1834*– Afskeiding van Christelik Gerf kerk Ulrum in Nederland; *19 Okt. 1687*- Eerste kerkgebou op Stellenbosch deur Simon van der Stel ingewy; *22 Okt. 1685*– Edik van Nantes herroep